

PAASFEES

(Reël vir hierdie groot dag betyds om in die huis feestelik saam te kan wees, bv.:

* Staan saam vroeg op om in julle tuin blomme of takkies met groen blare te gaan pluk om dit op ons tafel te kan kom plaas in 'n blompot wat gereed staan daarvoor.

* Sorg al betyds om 'n groterige klip by die blompot te hê wat die simboliek kan wees van die klip wat uit die bek van die graf van Jesus weggerol is.)

•

- Tema: Kry Lewe, want Christus leef!

Votum: Ps. 40:

“Die Here het waarlik opgestaan!

2 Ek het gesmag na die hulp van die Here. Hy het na my toe afgebuig en my hulpgeroep gehoor. 3 Hy het my uitgetrek uit die put van die dood, uit die slymerige modder, my op 'n rots laat staan en my weer op vaste grond laat loop. 4 Hy het my 'n nuwe lied in die mond gelê, 'n loflied vir ons God. Baie sal daarvan hoor en Hom die eer toebring, hulle sal op die Here vertrou! 5 Dit gaan goed met die mens wat sy vertrou in die Here stel en hom nie wend tot duister magte en tot mense wat hulle met skyngode ophou nie. 6 Here my God, U het baie wonderlike dinge gedoen; U dink altyd aan ons; daar is niemand soos U nie. Ek sou daarvan wou vertel en daaroor praat, maar dit is te veel om op te noem.

(Ja, die Here het waarlik opgestaan!)

Seëngroet:

“Genade en vrede vir julle van God die vader, en van die Seun Jesus Christus, en van die Heilige Gees.”

Gebed: “Here, laat hierdie woord vir ons vandag opnuut Lewe gee om tot U eer U getuies in ons wêreld te wees.”

Skriflesing: Matt. 28: 1-10.

Tema: Kry Lewe, want Christus leef!

Na die sabbatdag, toe dit die Sondagmôre begin lig word, het Maria Magdalena en die ander Maria na die graf gaan kyk. 2 Skielik was daar 'n geweldige aardbewing. 'n Engel van die Here het van die hemel af gekom, na die graf toe gegaan, die klip weggerol en daarop gaan sit. 3 Sy voorkoms was so blink soos weerlig en sy kleres so wit soos sneeu. 4 Van skrik vir hom het die wagte gebewe en soos dooies geword. 5 Toe sê die engel vir die vroue: "Julle moet nie bang wees nie. Ek weet julle soek Jesus wat gekruisig is. 6 Hy is nie hier nie, want Hy is uit die dood opgewek, soos Hy gesê het. Kom nader en kyk: daar is die plek waar Hy gelê het. 7 Gaan gou en sê vir sy dissipels: 'Hy is uit die dood opgewek, en Hy gaan julle vooruit na Galilea toe. Daar sal julle Hom sien.' Dit is wat ek vir julle moes sê." 8 Hulle het toe haastig van die graf af weggegaan, bang maar baie bly, en hulle het gehardloop om dit aan die dissipels te vertel. 9 Skielik het Jesus daar voor die vroue gestaan en hulle gegroet. Hulle het nader gekom, sy voete gegryp en Hom aanbid. 10 Toe sê Jesus vir hulle: "Moenie bang wees nie. Gaan sê vir my broers hulle moet na Galilea toe gaan, en daar sal hulle My sien."

11 Terwyl die vroue op pad was, kom party van die wagte in die stad aan en vertel vir die priesterhoofde alles wat gebeur het. 12 Die priesterhoofde het saam met die familiehoofde vergader en die volgende plan gemaak. Hulle het vir die soldate 'n groot som geld gegee 13 en gesê: "Julle moet sê: 'Sy dissipels het in die nag gekom en sy liggaam gesteel terwyl ons geslaap het.' 14 En as die goewerneur daarvan hoor, sal ons hom tevrede stel en sorg dat julle nie bekommerd hoef te wees nie." 15 Die wagte het toe die geld gevat en gemaak soos hulle voorgesê is. Hierdie storie word tot vandag toe onder die Jode vertel.

1. Liewe Gemeente en almal wat saam die opstandingsfees vandag tuis kan vier:
Die Here het wonderbaarlik uit die dood opgestaan - die graf is leeg!

Die twee Marias kom daardie vroeg-oggend verslae by die graf om te rou, maar ontdek:
God het in sy volmag ingegryp!
'n Engel het die klip weggerol;
Sy voorkoms blink soos weerlig en sy klere wit soos sneeu;
“Moenie bang wees nie, ek weet julle soek Jesus wat gekruisig is. Hy is nie hier nie, want Hy is uit die dood opgewek, soos Hy gesê het.”

Later op pad om te gaan vertel: daar staan Jesus voor hulle en groet:
“Môre dames!”

Hulle val in verwondering en aanbidding neer en omhels sy voete!

Ons vandag?
Glo? Verwonder? Aanbid? Twyfel? Verwerp?

Ons kan verseker juig en bly wees, daarvan leef - Jesus het waarlik opgestaan; “dood, waar is jou angel” , “Doderyk waar is jou oorwinning!”

Duitse teoloog, Tilicke se student, toe hy sterf in herfs lank voor paastyd - hoor kerkklok en raak opgewonde – “Dis paasklokke! Ek sien die ander oewer!”

2. Dis seker: Die werklikheid van die opstanding daag jou, konfronteer jou, of jy wil of nie!

Op Paasmôre het God se krag nuwe humor gebring:

* Jesus wat dood was, staan op en lewe - die wagte wat lewe, word soos dooies.
* Die twee Maria's is doodbang, maar vol blydschap; hardloop met boodskap van lewe!

Die wagte bewe - hulle verteenwoordig die mense wat die opstanding moet wegsteek, verdoesel, ontken, wegredeneer en weg-lieg!
* Magte van eie belang en magsug is wat mens verhoed om almag van God in opstanding van sy Seun te aanvaar en waarlik te lewe!

Die marias aanbid by Sy voete vol verwondering! Ons? . . .

Elkeen wat vandag die Woord van god hoor:
Kry lewe – hoop!
Of: verset jou tot die dood!

3. *Kyk net hoe die liefde en verlossing van Golgota in die opstanding voltooi word!*

Maria Magdalena: Dink wie sy was - nou totaal bevry! Lewe vol sin – hardloop met die beste boodskap ooit, die Evangelie, die blye boodskap!

“n Teoloog skryf:
“Op Paasmôre kan ons soos die vroue van destyds beleef dat die ‘steen gelig is.
Die grafsteen van my sonde wat op my gelê het, is gelig;
die steen van die onmoontlikheid om God en my naaste lief te hê, is gelig;
die steen van my sonde-verlede is gelig.”

Br. Sust.: Nuwe hoop vir mense met seer wonde! ..!

* Opstanding is iets veel groter as terugkeer na die lewe wat was! Dis lewe ver bo ons verste verbeeldingsvlug!

* Paasfees gaan oor God wat 'n pad oopmaak waar al die bewyse sê daar is geen pad meer nie - dis 'n splinternuwe manier van kyk na alles!

4. hardloop die wêreld in om te vertel - jy word gestuur!

Uit ons teks vir vandag:

* Eers stuur engel hulle: gaan sê!

*Dan op pad Jesus self – “gaan sê vir . . .”

Is dit ook jou storie - dat jy hier sit en weet ek is op die naam geroep deur die lewende Here, gered, op pad, gestuur? Om te gaan vertel?

Dis die begin van groot loop met boodskap die wêreld in!

Nooit weer sou wêreld dieselfde plek wees nie - dink net aan hoe dit uitgekring het tot by ons hier vandag (byna twee-duisend-en-twintig jaar verder)

Dis die groot opdrag: gaan vertel ...

Maar hoe?

Pols mense belangstellend in alledaagse omgang oor betekenis van hulle lewe,
Want jy en ek het mos deur sy opstanding die Lewe vol sin en betekenis om van te vertel!?

Paasfees verander my van suurstofdief na opstandingsmens - met lewe in oorvloed lewe!

5. Die opstanding maak ons nuwe mense met nuwe doel en betekenis!

Romeine 6:4: “Deur die doop is ons immers saam met Hom in sy dood begrawe, sodat, soos Christus deur die wonderlike magsdaad van die Vader uit die dood opgewek is, ons ook so 'n nuwe lewe kan lei.”

2 kor. 5:17: Opstanding beteken vir ons (kerk): die oue is verby, die nuwe het gekom.”
Ons is nuwe skepping!!!

Nuwe waardes, nuwe denke, nuwe toekomsvisie - God se nuwe hemel en nuwe aarde!
Maak ons mense met nuwe dade van diens!

God soek “karakter” en die opstanding maak dit moontlik!

Prakties?

* Bv. Ons aanhaak by almal om ons wat ook onveilig voel - almal! Kennis maak, nommers aanbied;
dophou, verhoudings, evangelie-kanaal!

** Kerk word mense van hoop, wat van hoop lewe en praat en nie gejammerklag oor alles wat verkeerd en sleg is nie!*

6. Die opgestane Christus staan voor jou, konfronteer jou, trek jou lewe in in nuwe hoogspanning tussen lag en huil!

God se humor breek deur in ons lewe - 'n lag met 'n traan!

Paasmôre is God se lag teenoor die magte van die wêreld wat mense se lewe verniel en dooddruk!
Maar opstanding van Christus kom juis uit God se hartseer trane oor donker magte wat lewe verniel!

Ons? Nuwe opstandingsmense?

*Lag met boodskap vol krag, enHuil oor mense om my wat stompsinnig vassteek en weier om lewe te vat, asof eie belang en eie begeerte soek en eie mag en beheer hou kan sin maak!

* Ek lag en huppel oor die nuwe lewe van dienende liefde wat ek van God ontvang het, vol hoop en krag;
En ek Huil oor my verset van eie belang wat my terughou om voluit vir die boodskap van ware lewe te hardloop!

* In hierdie moeilike wêreld kan ons lag en leef!

Dink mooi: lag en leef jy - al huil en sterf jy stukkie-stukkie saam met hierdie wêreld wat verbygaan?
ons sal lewe tot in ewigheid - die graf is deur God self oopgebreek!

Slot:

Die opstanding het die wêreld verander!

Wat gebeur as die kruis - teken van romeinse mag, plek maak vir oop graf as teken van God se mag tot nuwe lewe?

Dit:

- * *Vrees verander in vreugde.*
- * *Wagte word dooies. Vroue getuies.*
- * *Verstrooide dissipels word kragtige gestuurdes!*

Verootmoediging: Ps. 40:7-11.

7 Dit is nie diereoffers of graanoffers wat U wil hê nie, nie brandoffers of sondeoffers wat U vra nie; U wil gehoorsaamheid hê. 8 Daarom het ek gesê: "Hier het ek gekom soos dit in die boekrol vir my voorgeskrywe is. 9 Om u wil te doen, my God, is my een begeerte, u woord is my hele lewe." 10 Met blydschap het ek aan die mense om my vertel U het my verlos. Ek het nie stilgebly nie, Here, U weet dit! 11 Dat U verlos, het ek nie vir myself gehou nie, ek het gepraat oor u trou en u hulp. Oor u goedheid en u trou het ek tussen mense nie stilgebly nie.

Stilgebed.

As geloofsbelydenis: Lb421: 1 tot 3.

(die waagmoedigies kan dit in ons huise saam sing! , of anders kan iemand dit vir ons voorlees.)

1. Die Here Jesus lewe,
Hy het die dood oorwin.
Met krag is Hy oorwinnaar:
Ons toekoms het begin.
Hy gee ons hoop en vrede,
ons kan weer voorwaarts gaan,
want Jesus is ons Here,
Hy't klaar ons weg gebaan.
2. Die Here Jesus lewe,
Hy't hemel toe gevaar.
Hy heers daar as die Koning:
Ons word deur Hom bewaar.
Laat ons met moed en ywer
ons roeping hier volbring,
want Jesus is ons Koning,
Hy gee ons lewe sin.
3. Die Here Jesus lewe,
Hy kom ons eendag haal.
Hy sal ons dan laat aansit
by sy Messiasmaal.
Kom, laat ons Hom verheerlik,
sy liefde nou besing,

en, saam met als wat lewe,
aan Hom ons hulde bring.
Amen!

Ontvang die seën van die Here:

"Die genade van ons Here Jesus Christus, en die liefde van God, ons vader, en die gemeenskap van die Heilige Gees, is by julle, nou, en tot in ewigheid!